

Volhoubaarheid en die Drakensberger: Verander jy die omgewing of die bees?

Deur Izak Hofmeyr

Die vraag of die bees by die omgewing moet aanpas, en of die omgewing verander kan word om die bees optimaal te laat funksioneer, is lank reeds deur Drakensbergertelers beslis. Hulle het onomwonde die benadering dat die bees aanpasbaar moet wees in die omgewing.

Maar wat is die effek van hierdie benadering, spesifiek ten opsigte van winsgewendheid, volhoubaarheid, bestuur en arbeid? En wat is die etiese kwessies daar rondom?

Veeplaas het met vier Drakensbergertelers hieroor gepraat. Hulle is dr Liesel Foster van die Quaggafontein Drakensbergerstoet by Zastron, Koos van Niekerk van KOJO Drakensbergers by Amersfoort, Klaas Venter van die plaas Grootvlei by Heidelberg, en Pikkie Uys van die plaas Gryshoek by Wakkerstroom.

VP: Waarom is dit meer winsgewend om die bees by die omgewing te laat aanpas, eerder as andersom?

Liesel: Die voorkoms van subnormale reënval die afgelope paar jaar was vir my 'n ontnugtering en een van die belangrikste lesse wat ek hieruit geleer het, is dat jy nie in 'n bokseveg met die elemente betrokke wil raak nie.

Koos: Dit is meer winsgewend omdat aangepaste diere minder siek word. Vir my is gras die goedkoopste voer en 'n aangepaste dier kan met minder en swakker weiding, dieselfde rand en sent lewer as 'n dier waarvoor daar weidings aangeplant moet word en wat ekstra uitgawes noodsaak, soos die aankoop van saad en diesel.

Dis vir my belangrik om my kudde op grond van seleksie te bestuur. Oor tyd het ek tot die slotsom gekom dat kleiner koeie vir my beter werk as grootraamkoeie, omdat hulle minder kos benodig. Die



Liesel Foster.



Koos van Niekerk.

Drakensberger se vermoë om te herstel ná 'n moeilike seisoen, is vinniger as van my ander beeste. Hul loopvermoë en aanpasbaarheid maak dit ook moontlik om op rante te kan wei.

Aangepaste diere is belangrik vir ons boerdery omdat hulle makliker kalf in die omgewing en strawwe winters oorleef. Omdat aangepaste koeie beter besetting het, beteken dit ook meer wins.

“Die feit dat diere so natuurlik as moontlik geboer word, maak dit meer eties vir die bees, die produsent en die verbruiker.”

Klaas: Die Drakensberger is een van die enigste inheemse rasse in Suid-Afrika en daarom natuurlik gehard en aangepas by ons omgewing. Die ras is dus meer winsgewend wanneer dit by natuurlike weerstand teen bosluise en oordraagbare

siektes kom, asook die benutting van natuurlike weiding. Die Drakensberger word nie verniet 'die winsbees' genoem nie.

VP: Waarom is dit meer volhoubaar?

Liesel: My doelwit is om die gras wat op die plaas groei in 'n verhandelbare produk om te skakel en die gereedskap waarmee ek dit doen is 'n Drakensbergerkoeie. Met die regte gereedskap is dit baie makliker en goedkoper om jou opdrag uit te voer. Die hulpbron in my geval is 'n gegewe waaraan ek niks kan doen nie, maar ek kan seker maak dat my werktuig kostedoeltreffend en aangepas is om die werk te doen, met so min onderhoud (addisionele hulpbronne) as moontlik.

Koos: Dit is meer volhoubaar omdat vandag se lewenskoste asook insetkoste so duur geword het. 'n Bees wat twee keer meer gedip of gespuit moet word, vreet wins. Kleinraam, aangepaste diere kos die boerdery minder en lewer dieselfde produksie as 'n grootraamkoeie wat nie aangepas is nie.



Klaas Venter.

Klaas: Die moderne samelewing neig al meer na organiese vleisprodukte; diere op natuurlike weiding word dus meer gesog. Daarom boer ons met Drakensbergers wat slegs op natuurlike weiding en oesreste in die winter wei. Ons beheer parasiete seisoenaal of soos nodig en gebruik geen onnodige antibiotika en dipmiddels nie, wat dit 'n 'groener' bees maak.

Pikkie: Die woord aanpasbaarheid word links en regs gebruik, maar nie almal besef dat voedingsaanpassing een van die belangrikste eienskappe vir seleksie is nie. Stoettelers het 'n verantwoordelikheid om genetika aan kommersiële boere te lewer wat hulle volhoubaar op die plaas gaan hou. Inheemse rasse is meestal beter voedingsaangepas weens 'n groot rumen, ureum in die bloed, bewegingsfiksheid en hoë aptyt.

Aangepaste diere het ook 'n natuurlike weerstand teen die aanslae van siektes, parasiete en uiterste weersomstandighede.

VP: Hoe beïnvloed dit jou bestuur en arbeidsbronne?

Liesel: Ons Drakensbergkoeie is geteel en geselekteer om optimaal binne ons produksiestelsel te produseer. 'n Aangepaste inheemse koei het minder hantering en behandeling nodig, wat 'n besparing op tyd en arbeid beteken.

Koos: Aangepaste diere vergemaklik my boerderybestuur aansienlik, omdat



Pikkie Uys.

dit nie nodig is om siek diere elke dag te spuit, te blok teen rooiwater of te dip nie. Dit beteken ook minder diesel om na die siek troppe toe te ry. Omdat daar minder probleme by my beeste is, kan ek my arbeid meer produktief elders op die plaas gebruik.

Dit vergemaklik bestuur baie as diere net met onderhoudslek in plaas van produksielek kan klaarkom. Die lekinname in die winter is dan 800g per koei teenoor 1,2 tot 1,5kg per koei per dag. Hierdie inname maak dat ek minder lek hoef te meng, wat my mengkoste verminder. Dit beteken ook minder mielies wat aangekoop moet word om in die lek te meng.

Pikkie: Uit 'n hulpbronbestuursogpunt verlig hierdie tipe dier die druk geweldig. Alle boere weet hoe kan een kalwingsprobleem of siek dier 'n hele dag se beplanning omverwerp. Dit is nou afgesien van die trauma wat dit vir die diere en bestuur inhou. Neem dan ook die klomp geld en tyd wat nie onnodig aan byvoeding en chemikalieë bestee word nie.

VP: Waarom is dit meer eties?

Liesel: Om meer volhoubaar te wees sal ons aan die natuur moet begin teruggee wat ons die afgelope dekades geneem het. Herlewingslandbou fokus op die rehabilitasie van die natuurlike hulpbronne wat in landbou gebruik word. Die gehalte van die grond moet verbeter word en hier speel die koei 'n baie belangrike rol om meer koolstof in die grond te bind.

Dit is vir my 'n etiese manier van boer want die hele plaas, met sy sonlig, grond, water, gras, beeste, insekte en mikroörganismes, funksioneer as 'n geheel. Hierdie benadering kan jou egter baie duur te staan kom as die koei waarmee jy boer, nie aangepas is nie.

Koos: 'n Aangepaste dier is doodgewoon meer eties. Minder gebruik van chemiese middels verlaag druk op die omgewing.

Klaas: Die feit dat diere so natuurlik as moontlik geboer word maak dit meer eties vir die bees, die produsent en die verbruiker.

Pikkie: Dit is eties om aan kommersiële boere 'n produk te lewer wat hulle meer geld in die sak gaan bring, minder insette verg en hulle bestuur gaan vergemaklik. As boere het ons ook 'n verantwoordelikheid teenoor verbruikers om gesonder produkte te lewer, met minder roetinegebruik van dipstof en ander chemiese middels.

Die belangrikste van alles is ons verantwoordelikheid teenoor die omgewing deur koolstof terug in die grond te sit en alle organismes wat hierby betrokke is te bewaar en te vermeerder. Daar is vasgestel dat miskruiers parasieteladings met tot 45% kan verlaag en na raming twee derdes van miskoeke in die grondslag inwerk. Die meeste chemiese middels het 'n uiters nadelige uitwerking op miskruiers. Ons kan nie slimmer as die natuur wees nie.

Wat is eties daaraan om diere te teel wat ons weet probleme gaan gee, soos distokie en aanpassingsprobleme op veld? Deur diere te teel met hoë inherente liggaamskondisie wat kan aanpas onder hoë veeladings, gaan ons jong en nuwe boere 'n kans bied om winsgewend te kan boer. Nie met mensgemaakte skoudiere wat selektiewe beweiding en 'n magdom insette vereis nie. Genetika kan nie verbeter word nie. Dit kan net geïdentifiseer en vermeerder word. **VP**

Vir meer inligting, skakel dr Liesel Foster by 082 373 2427, Koos van Niekerk by 083 278 9699, Klaas Venter by 082 551 7644 en Pikkie Uys by 082 857 5022.